


Winfin 2014 kan op twee verskillende maniere gelaai word:


Opsies 1: Standaard (SetupWinfin2014Standard.exe)

Die Program en Data word bo-oor die huidige Winfin 2000 gelaai, waarskynlik in *C:\Winfin*.

Volg die aanwysings op die skerms maar maak net seker dat die folder waar Winfin 2000 gelaai is, reg aangedui word:



Sodra die program aan die gang gesit word sal die beskikbare datastelle soos voorheen vertoon word:



Kies 'n datastel.


Gaan na bladsy 6 vir wat volg as 'n datastel die eerste keer gekies word ..

Opsie 2: Nuwe Windows voorskrifte (SetupWinfin2014.exe)

Die program word gelaai in C:\Program Files \Winfin (op 32-bit Windows)
of C:\Program Files (x86)\Winfin op 64-bit Windows.

Die data word gelaai in Documents of My Documents in 'n sub-folder Winfin.


Volg die aanwysings op die skerms en aanvaar die plek waar Winfin gelaai gaan word:




Die eerste keer wat die program aan die gang gesit word is daar geen datastelle nie. Die data van Winfin 2000 kan na Winfin oorgedra word deur die *Omskakel* funksie.




Kies die folder waar Winfin 2000 gelaai is, gewoonlik C:\Winfin.



Die beskikbare datastelle word vertoon:




Merk individuele datastelle of kies almal met die onderste knoppies:




Besluit wat alles oorgedra moet word:

- Slegs databasies Net die huidige Winfin databasis word na Winfin 2014 oorgedra. Dit is die minimum wat nodig is

- Alle files Saam met die databasis is daar ondermeer afskrifte van die data soos voor elke maandeinde. Dit kan in datastelle wat 'n paar jaar gebruik word 'n groot aantal files wees. Gebruik die opsie slegs as die ou Winfin 2000 in C:\Winfin gou verwyder gaan word




Klik op die Dra oor koppie en bevestig dat dit in orde is. Na die oordra sal die beskikbare datastelle vertoon word of indien net een oorgedra is, sal die datastel outomaties oopgemaak word.



Maak 'n Winfin 2000 datastel die eerste keer oop met Winfin 2014


Die volgende skerm word vertoon as 'n ou datastel die eerste keer gekies word:



Klik op **OK** en die omskakeling sal daarna outomaties vertoon met enkele boodskappe om die vordering aan te dui. Die Winfin 2000 data word eerste gestoor:



Winfin 2014 maak nie meer voorsiening om sekuriteit op skyfies te maak nie en die volgende waarskuwing daarvoor word vertoon.




Installeer Winfin 2014


As die omskakeling suksesvol was, word die datastel oopgemaak. Indien verskeie funksies onaktief is (liggrys), beteken dit dat die program nog nie geregistreer is nie. Gaan na *Datastel*, *Registreer*:




Die programlisensie word vertoon. Lees dit en indien u dit aanvaar, klik links onder op die aanvaarding en dan op die *Aanvaar* knoppie:




Skakel Properdata by 044 533 3251 tussen 09:00 en 17:00 op weksdae vir 'n geldige wagwoord.




Skep 'n gebruiker waarmee om in Winfin in aan te teken. Hierdie gebruiker moet alle regte kry, nl. die van 'n Administrateur:



Maak seker dat alles voltooi word. Gebruik dieselfde gebruikersnaam wat u by Winfin 2000 gebruik het, dit is die maklikste om te onthou. Vul 'n fiktiewe adres in as u nie 'n e-pos adres het nie.




Maak 'n nota van die wagwoord wat volgende vertoon word:




Teken aan met die naam en wagwoord wat bo vertoon is:

Gebruiker:	<input type="text" value="My Naam"/>	<input type="button" value="Teken aan"/>
Wagwoord	<input type="password" value="*****"/>	<input type="button" value="Kanselleer"/>

Die wagwoord hier bo deur die program toegeken is, is net tydelik en geld net vir die eerste keer wat aangeteken word:



Vul die permanente wagwoord in. Gebruik dieselfde wagwoord as by Winfin 2000 behalwe as dit korter as 5 karakters was, dan moet 'n nuwe wagwoord gekies word:



Hierna kan normaal met die nuwe gebruikersnaam en wagwoord aangeteken word en alle funksies behoort aktief te wees.